Dankbaarheid

Lukas 19:1-10

1. Wat is dankbaarheid?

Dankbaarheid as gebaar, maar méér nog, dankbaarheid as lewenshouding is sekerlik een van die belangrikste kenmerke van ‘n Christen se lewe. ‘n Lewe vol dankbaarheid, om ongeag die omstandighede vergenoegd te kan wees (Filippense 4:11), “erkentlik al my dae”, dis hoe ‘n verloste mens se lewe behoort te lyk (Filippense 2:11).

Dankbaarheid het daarmee te make dat ek iets van genade en vergiffenis leer verstaan, dat ek leer hoe om te ontvang wat ek nie verdien nie. Dankbaarheid is net mooi die teenoorgestelde daarvan om mense, dinge en die lewe self as vanselfsprekend te aanvaar, as iets wat ek eintlik verdien, iets wat my toekom. Dankbaarheid het daarmee te make om altyd weer verras te kan wees oor wat ek alles ontvang, oor die mooi van die lewe, oor die lewe self. Dankbaarheid is die vermoë om met verwondering te kan lewe – verwonderd oor klein en groot geskenke van genade. Dankbaarheid is om te leer hoe om my seëninge te tel, ten spyte van seerkry en swaarkry.

2. Waar kry ek dankbaarheid?

Dis daarom dat Paulus dankbaarheid amper as opdrag, as ‘n voorskrif aanbeveel, amper soos medisyne teen allerlei lewenskwale – dokters en sielkundiges wys juis daarop dat dankbaarheid mens fisies, emosioneel en geestelik gesond kan maak! Dis daarom iets wat ons elke dag moet inoefen, ‘n gesindheid wat ons moet aanleer, onsself doelbewus aan moet herinner: “Wees in

alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag" (1 Tessalonisense 5:18).

Hierdie dankbaarheid ontvang mens as jy biddend daarvoor vra, en "oopgaan" sodat die Heilige Gees dit in jou hart en lewe in kan skenk.

Só 'n dankbaarheid verander my lewe. Dit leer my anders kyk, anders dink, anders optree. Dit maak van my 'n mooi mens, 'n gelukkige mens, 'n vrolike mens. En dit raak aansteeklik, dit verander ook ander mense rondom my. Daarvan vertel die kostelike verhaal van Saggeus in Lukas 19 ons meer:

3. Saggeus se storie

Saggeus was blykbaar 'n komieklike stukkie mens, maar tog was sy lewe ook tragiese. 'n Kort mannetjie, maar 'n opperste bedrieër – hooftollenaar nogal! Hy was ryk, maar tog diep eensaam en verstote. Hy was gehate onder sy mede-Jode. En sy gewete het hom bloots begin ry. Iewers sou iets drasties met hom moes gebeur, het hy desperaat besef.

Toe hoor hy van 'n sekere Jesus wat deur sy dorp Jerigo aan die stap was. Rondom die Jesus was daar 'n skare mense. Saggeus kon niks te siene kry nie, en niemand het hom ook probeer help nie. Toe klim hy maar in 'n boom – nogal 'n geklike ding vir so 'n kwansuis gesiene man om te doen! Die wonder gebeur toe: hy kry nie net vir Jesus te sien nie, maar Jesus sien hóm raak, daar waar hy so onwaardig in die boom sit. Dink net, om deur Jesus raakgesien te word! Maar, veel meer gebeur toe. Jesus sê: "Saggeus, kom gou af, want ek moet vandag in jou huis tuis gaan". Ongehoord … Jesus neem beheer oor van Saggeus se lewe, en nooi Homself in sy huis in. Geen ander reggeskape Jood sou dit wat Jesus hier gedoen het waag nie! Jesus as gas in so 'n veragte mens se huis, saam aan tafel met so 'n agterbakse skelm! Daarom het die mense wat nog nie geleer het om oor die genade verwonderd te raak nie erg beswaar gemaak: "Kyk, Jesus gaan by 'n sondige man tuis!" Presies dit is wat genade is, onverdiende guns alleen. Saggeus word vergewe, uit sy penarie gered, nee, uit sy vasgeloopte lewe word hy verlos; hy word aanvaar, omhels, en so word sy lewe nuutgemaak, weer heelgemaak. Dit word 'n feesmaal waarin die genade gevier word, vrolik en bly.

Mens kan jou nie eintlik indink hoe verras en verwonderd Saggeus oor dit alles moes wees nie! Hy kon nie anders as om diep dankbaar te wees nie. Want hy het dit regtig nie verdien nie. En hy kon ook nie anders as om sy dankbaarheid uit te spreek, en dit konkreet te wys nie. Want dankbaarheid verander jou lewe, dit laat jou anders dink en doen. Daarom besluit hy daar en dan om dit wat verkeerd was, reg te stel, om terug te gee, weg te gee, om ontslae van sy skuld aan ander te raak – uit dankbaarheid vir die genade en vergiffenis wat hy ontvang het. Dankbaarheid maak dat jy nuut oor jou eie lewe dink, en begin om nuut en anders te doen.

Dankbaarheid is egter ook aansteeklik, het ons gesê. Nie net het Saggeus se eens vreugdelose huis weer vol vrolikheid geword nie, die ete toe in 'n feesmaaltyd verander nie, maar ons kan dink hoe die verontregte mense moes reageer toe hy sy skuld aan hulle kom vereffen het, toe hy selfs veel meer as wat hy hulle geskuld het kom teruggee het. En hoe Saggeus se dade van dankbaarheid toe sommer ook die veroordelende toeskouers nuut leer dink en doen het, hulle oë oopgemaak het vir wie eintlik die kinders van Abraham was, wie almal ingesluit en wie juis nie uitgesluit is nie.

4. Dankbaarheid skep gemeenskap en bring hoop

Dankbaarheid is inderdaad aansteeklik, lewensveranderend. Dit skep ‘n nuwe gemeenskap, dit maak jou deel, laat jou behoort, maar dit sluit ook ander in, dit maak heel en dit maak weer gesond. Dankbaarheid bring hoop, dit laat my anders na my omstandighede kyk, ook al gaan dit soms hoe sleg. Daarom is dit so belangrik dat ons dankbaarheid as lewensdeug aanleer, dit leer leef – elke dag die lewe in verwondering as genadegeskenk uit God se hand leer ontvang.

5. Geloof en aanbidding is niks anders as dankbaarheid nie

Presies dit is wat geloof is, en wat aanbidding ten diepste beteken. Om met my hele lewe dit uit te sing: “Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat genet, my die jeugdige krag van die arend skenk (Psalm 103:1-5).